



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 30 APRIL 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Gaika, M F (EFF)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Nel, M (DA)	Warnick, A K (DA)
Ngozi, M (ANC)	White, G E (PA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Publieke Dienste en Projekbestuur, mnr J M S Spies
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Pastoor K du Plessis van die Pinkster Protestante Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J R Papier.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Die Uitvoerende Burgemeester, op uitnodiging van die Speaker, bevestig die noemenswaardige prestasies van Swartland Munisipaliteit oor die afgelope tyd as –

3./...

(1) Beste munisipaliteit in Suid-Afrika

Swartland Munisipaliteit is in Maart hierdie jaar deur Good Governance Africa aangewys as die beste munisipaliteit in Suid-Afrika gemeet teen die volgende kernfunksies:

- dienslewering;
- beplanning, monitering en evaluering;
- leierskap en bestuur;
- administrasie en regering.

Good Governance Africa is 'n onafhanklike bron wat geen belang by Swartland Munisipaliteit het nie en die maatstawwe fokus op dienslewering aan die hele gemeenskap.

(2) Tydens die *Western Cape Service Excellence Awards* is Swartland Munisipaliteit aangewys as die Beste munisipaliteit in die Wes-Kaap.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat daar 9 projekte ingeskryf is vir die *Western Cape Service Excellence Awards* en Swartland Munisipaliteit het nominasies vir die volgende projekte ontvang –

- GOP in jou sak (*IDP in your pocket*) – 4de plek in die Kategorie: Beste munisipale projek
- K9 en LEAP-eenheid – 5de plek in die kategorie: beste munisipale projek
- Versnelling van ontwikkeling in die Swartland – silwer in die kategorie: vermindering/eliminering van rompslomp.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat voormelde toekennings 'n bevestiging is van Swartland Munisipaliteit se toewyding tot dienslewering aan al die inwoners van die munisipale gebied. Sodoende word verseker dat die Swartland munisipale gebied 'n voorkeur bestemming is vir beleggers en individue met gepaardgaande ekonomiese groei.

Die Uitvoerende Burgemeester maak van die geleentheid gebruik om elke amptenaar van die Munisipaliteit geluk te wens en te bedank vir harde werk om hierdie uitnemende prestasies te kon bereik.

3.1 INHULDIGING VAN NUWE RAADSLID

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan rdl G E White en gee geleentheid aan hom om mondelings die eed van getrouheid af te lê en te onderteken.

Rdl G E White is by wyse van 'n tussenverkiesing in Wyk 11 op 24 April 2024 tot die Swartland Munisipale Raad verkies en is bevestiging dienooreenkomstig vanaf die Onafhanklike Verkiesingskommissie ontvang.

BESLUIT

- (a) Dat die Raad kennis neem van die verkiesing van rdl G E White as wyksraadslid van Wyk 11 met die tussenverkiesing wat op 24 April 2024 plaasgevind het;
- (b) Dat die aanstelling van rdl G E White, as verteenwoordiger van die Patriotiese Alliansie (PA) op die munisipale raad met ingang van 25 April 2024 bevestig word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADVERGADERING GEHOU 28 MAART 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Maart 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5./...

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 MAART 2024
saamgelees met
NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 13 MAART 2024

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 MAART 2024

7. SAKE VOORSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 2023/2024 HALF-JAARLIKSE AANSUIWERINGSBEGROTING: TERUGVOER VANAF PROVINSIALE TESOURIE (5/7/1/1)

Die uitslag van die hoëvlak-assessering deur die Provinsiale Tesourie van die 2023/2024 Half-jaarlikse Aansuiweringsbegroting is met die sakelys gesirkuleer op versoek deur die betrokke departement dat dit aan die Raad voorgelê moet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die hoëvlak-assessering van die 2023/2024 Half-jaarlikse Aansuiweringsbegroting (soos goedgekeur deur die Raad op 30 Januarie 2024) deur die Provinsiale Tesourier en bevestiging dat dit, onder andere, voldoen aan al die algemene wetlike vereistes.

8.2 ONREËLMATIGE UITGAWES SOOS GERAPPORTEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL (AGSA) IN VERSLAG VAN 2022/2023 FINANSIËLE JAAR EN ANDER AANGELEENTHEDE SOOS GEÏDENTIFISEER DEUR BESTUUR DEUR INTERNE KONTOLLES (5/15/1/5)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die vereistes ingevolge artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) om met onreëlmatige uitgawes te handel en ook die onderskeie gevalle wat deur die Ouditeur-Generaal en interne kontroles uitgewys was.

Die onreëlmatige uitgawes, soos uitgewys deur interne kontroles, is ingevolge die Raad se beleid na die Disiplinêre Raad verwys. Die ondersoeke van die onderskeie gevalle bevat die aanbeveling vir die afskrywing van die onreëlmatige uitgawes, aangesien daar nie enige verliese deur die Raad gelei was nie.

Besluit/...

8.2/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

- (a) Dat kennis geneem word van die ondersoek deur die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die onreëlmatige uitgawes soos gerapporteer deur die Ouditeur-generaal, asook ander onreëlmatige uitgawes wat deur die bestuur geïdentifiseer was;
- (b) Dat die finale gevolgtrekking en aanbeveling aan die Dissiplinêre Raad, soos in die verslag aangedui, as volg bevestig word:
 - (i) Dat die onreëlmatige uitgawes van R522 691.16 met betrekking tot aangeleenthede 1 tot 3, gesertifiseer word as oninvorderbaar en afgeskryf word aangesien die munisipaliteit waarde vir geld ontvang het en geen verlies gely het nie;
 - (ii) Dat die personeellede betrokke by die voorsieningkanaalbestuursprosesse in goeie trou opgetree het en die nie-nakoming nie as gevolg van opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of ander oneerlikheid deur die betrokke personeellede was nie;
- (c) Dat die LUR vir Plaaslike Regering sowel as die Ouditeur-generaal in kennis gestel word van die uitslag van die ondersoek

8.3 HERAANSTELLING VAN KOMITEELID VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE (11/1/3/1/7)

Ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) is die Munisipaliteit verplig om 'n onafhanklike audit-eenheid in stand te hou.

Mnr B J Gouws is met ingang van 1 Mei 2021 as lid van die Prestasie-, Risiko en Ouditkomitee aangestel vir 'n termyn van drie jaar. Dit word aanbeveel dat mnr Gouws vir 'n verdere termyn van drie jaar aangestel word, aangesien hy 'n waardevolle bydrae lewer tot die funksionering van die eksterne ouditkomitee.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die ampstermyn van mnr Gouws nie die tydperk van ses jaar sal oorskry, soos aangedui in Omsendbrief 65 van die MFMA, nie en om die kontinuïteit en voortbestaan van die komitee te verseker word goedkeuring verleen dat –
 - (i) mnr Gouws se kontrak as lid van die gekombineerde Prestasie- Risiko en Ouditkomitee vir 'n verdere ampstermyn vanaf 01 Mei 2024 tot 30 April 2027 verleng word;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat mnr Gouws toegewyd is en gedurende die afgelope ampstermyn uitstekende diens gelewer het.

8.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM, ERF 12874 (KERKPERSEEL) TE MALMESBURY (12/2/5/2-8/4)

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van Erf 12874 geleë in Kwartelstraat, De Hoop Behuisingsprojek, Malmesbury wat as 'n kerkperseel geïdentifiseer is. Verskeie belangstelling is ontvang om die kerkperseel te bekom en word aanbeveel dat dit by wyse van 'n tenderproses vervreem word.

Rdl B J Penxa noem dat daar baie belangstelling is, veral in llinge Lethu, om kerkpersele te bekom, maar dat die persone nie bekend is met die proses nie. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste sal 'n inligtingstuk opstel om die tenderproses en verdere vereistes te verduidelik.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar ook gelet moet word op die verkoops-ooreenkoms, aangesien daar baie kerkgenootskappe is wat nie aan die vereistes

8.4/...

voldoen om bv. binne 'n sekere tydperk met bouwerk te begin nie, en die kerkperseel dan terugval aan die Munisipaliteit.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat 'n mededingende twee-fase bodproses gevolg word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendom:
 - Erf 12874, Kwartelstraat, Malmesbury (± 864 m² groot)
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir gemeenskapsdoeleindes (plek van aanbidding) ingevolge die sonering daarvan geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die onderstaande gesubsidieerde prys as reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:
 - Erf 12874, Kwartelstraat, Malmesbury R34 560,00 (20% x R172 800,00)
- (d) Dat volmag verleen word
 - (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer, met inagneming van die toepaslike bepalinge in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates, soos die insluiting van 'n toepaslike terugvalklousule.

8.5 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN ONROERENDE RESIDENSIËLE EIENDOMME (VOORMALIGE TRANSNET-HUISE) TE KALBASKRAAL (12/2/B)

Die sg. lynkamp in Kalbaskraal is vanaf Transnet bekom en oordrag het gedurende 2022 plaasgevind. Die verslag bevat die besonderhede van die eiendomme (voormalige Transnet-huise) wat vir die uit-die-hand vervreemding aan begunstigdes aangebied sal word.

Die betrokke eiendomme is vir behuisingsdoeleindes geormerk en die bestaande inwoners kwalifiseer almal as eerste-huiskopers ingevolge die Departement van Infrastruktuur (die voormalige Departement van Menslike Nedersettings) se individuele behuisingssubsidieskema. Die Munisipaliteit sal die begunstigdes behulpsaam wees met die aansoeke vir die behuisingssubsidie.

Daar word verder aanbeveel dat, daar waar die waardasiebedrag die subsidiebedrag (tans R261 000.00) oorskry, die voorgestelde verkoopprijs, ingesluit oordragkoste, beperk word tot die subsidiebedrag, aangesien die begunstigdes nie oor die finansiële vermoë beskik om die verskil te betaal nie. Sodoende word die behuisingsnood van behoeftige persone in die gemeenskap aangespreek.

Besluit/...

8.5/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A M Williams, gesecondeer deur rdl I S le Minnie)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Erwe 947 tot 955, Kalbaskraal, d.i. nege eiendomme in totaal, uit-die-hand-uit vervreem mag word aan die onderskeie begunstigdes soos uiteengesit in Aanhangsel A tot hierdie verslag, en teen die voorgestelde verkoopprijs soos aangetoon;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat verkoop staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir behuisingsdoeleindes geormerk is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat 'n mededingende proses in hierdie geval nie wenslik geag word nie, en dit as billik en regverdig beskou word om die eiendomme te vervreem aan die persone soos voormeld, om die behuisingsnood van behoeftige persone in die gemeenskap te help aanspreek;
- (d) Dat die voorgenome uit-die-hand-verkope in die media bekend gemaak word vir kommentaar en/of beswaar;
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om te handel met enige kommentaar en/of besware wat ontvang word;
- (f) Dat die Direktoraat Ontwikkelingsdienste (Behuisingsafdeling) getaak word om die betrokke begunstigdes by te staan om aansoek te doen vir subsidies onder die individuele behuisingssubsidieskema van die Departement Infrastruktuur.

8.6 Ilinge Lethu: MEMORANDUM VAN GRIEWE ONTVANG OP 8 MAART 2024 (14/2/1/1; 7/1/1/1)

Die verslag tot die sakelys bevat 'n uiteensetting van die griewe ontvang tydens 'n protesoptog deur inwoners van Ilinge Lethu op 8 Maart 2024, asook die reaksie daarop gedateer 20 Maart 2024.

Daar was ook deur rdl M Ngozi, in sy kapasiteit as wyksraadslid, versoek dat verteenwoordigers van die Munisipaliteit 'n gemeenskapvergadering bywoon om die inhoud van die reaksie van die Munisipaliteit aan die gemeenskap te verduidelik.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die petisie, die reaksie daarop gedateer 20 Maart 2024 en die inhoud van die verslag;
- (b) Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder ondersteun word om verteenwoordigers van die gemeenskap te woord te staan eerder as om 'n gemeenskapsvergadering te belê;
- (c) Dat, na aanleiding van die onlangse gebeure in Abbotsdale op 24 April 2024 en gepaardgaande versoeke vanaf drukgroepe, daar besluit word om geen gemeenskapsvergaderings op versoek van druk- en gemeenskapsgroepe ses weke voor 'n verkiesing te belê nie, aangesien dit 'n platform skep om gebruik/misbruik te word vir politieke uitbuiting.

8.7 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2024 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

8.7/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesecondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 26 April 2024 by die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering en Begroting Implementeringsplan van die munisipaliteit vir die periode 1 Januarie tot 31 Maart 2024.

**GETEKEN:
SPEAKER**